

VERKLARING

Uitgereik deur: A P Stemmet
Namens: Die AMAGP
Kaapstad

28 September 2018

VERTOULIKHEID EN DIE GEPF

Die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting 2000 (Wet nr 2 van 2000) ('PAIA') het op 9 Maart 2001 van krag geword. Die Wet gee uitvoering aan die grondwetlike reg op toegang tot enige inligting wat deur enige openbare, of privaat liggaam, gehou word, wat nodig is vir die uitoefening of beskerming van enige reg. Die Wet sit die prosedures uiteen wat met sodanige versoek verband hou.

Artikel 14 van die Wet verplig openbare liggame om 'n handleiding saam te stel wat 'n persoon sal help om toegang te verkry tot inligting wat deur die openbare liggaam gehou word, en sit die minimum vereistes uiteen waaraan 'n handleiding moet voldoen. GEEN SO 'N HANDLEIDING IS EGTER BESKIKBAAR OP DIE WEBWERF VAN DIE GEPF NIE. Direkte navrae gerig om so 'n handleiding te verkry het ook geen resultate opgelewer nie.

Dit kom voor asof die GEPF, wat die grootste pensioenfonfds in Suid-Afrika is, met 1,2 miljoen lede en 400 000 begunstigdes, vir die afgelope 17 jaar die PAIA se handleiding voorwaardes ignoreer en daarmee wegkom.

SOLIDARITEIT poog reeds sedert einde verlede jaar om sekere inligting van GEPF met die gebruik van PAIA te bekom, maar is gekortwiek en is gedwing om deur die Howe om GEPF te forseer om die bepalings van PAIA na te kom (https://solidariteit.co.za/en/solidarity-welcomes-independant-probe-info-pic/)

Hierdie frustrasie soos verwoord in Solidariteit se verklaring word gedeel deur individuele lede/pensioenarisse wat gepoog het om inligting uit hoofde van geen operasionele PAIA van GEPF te bekom. Hierdie versoeke het op dowe ore geval en die standard antwoord was dat die aangeleentheid as vertroulik geag word in terme van die GEPF se "vertrouliks-beleid". Die feit dat hierdie "vertoulikheid beleid" ook as "vertroulik" beskou word, dra verder by tot frustrasie. Hou ook in gedagte dat die oorgrote meerderheid lede en begunstigdes nie die finansiele vermoens het om regskostes aan te gaan om hof toe te gaan nie.

Maar dit is nie net die lede wat frustreerd is nie. Die Menseregtekommissie (SAHRC) wat die opdrag gegee het om die PAIA te polisieer het ook reeds gekla oor nie nakoming deur GEPF. In die afwesigheid van die vereisde handleiding op die webwerf van GEPF kom dit voor asof die Direktiewe van SAHRC ook geignoreer word.!

Alles in ag genome lyk dit asof selfs die Trustees van GEPF steeds onbewus is dat die GEPF die voorskrifte van PAIA oortree. Selfs in die Jaarverslag van GEPF 2017 word die verantwoordelikheid van die Trustees duidelik uitgestippel. "… *The Board of Trustees (the Board) believes that, during the year under review, in the execution of it's duties it : …**Was not aware of non-compliance with any applicable legislation;** …*"

Weereens in ag genome dat die samestelling van die Raad van Trustees bestaan uit individue wat noodwendig daagliks met wetgewing soortgelyk as PAIA te doen kry, is dit verontrustend en kommerwekkend dat daar die afgelope 17 jaar nie gehoor gegee is aan die opstel van 'n handleiding nie. Die vraag ontstaan of dit 'n geisoleerde geval is, of is daar ander wette wat nie nagekom word deur die Trustees, gesamentlik of individueel, en of hulle nie daarvan bewus was nie?

Die hoop beskaam nie dat die GEPF werk gaan maak om die PAIA handleiding op te stel, en die aangeleentheid reg te stel, en nie te skuil agter die sogenaamde geheimhouding van die GEPF nie. Deursigtigheid word versoek van die GEPF amptenare en die Trustees.

Eers dan sal ons begin glo aan die GEPF se visie:
To be a global leading and reputable persion fund that delivers quality service to benificiaries.

Adamus P. Stemmet
Segsman AMAGP
Durbanville
082 3209245
adamusp2602@gmail.com

Hierdie verklaring toon natuurlik 'n blatante konflik of onkunde van die Grondwet van die RSA.

Jy word verwys na
Arts 32(1)(a) and (b) so wel as Art 38
van die
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika
[Wet No. 108 van 1996]